
Diensbaarheid

**Ons is klaar met ons studie uit die boek van Hebreërs waar ons baie duidelik gesien het, Jesus is die Messias.**

**Verlede naweek het ons Paasfees gevier waar ons opnuut weer herinner word dat ons sonde 'n baie duur prys het, en Jesus het dit vir ons elkeen kom betaal deur te sterf aan die kruis, die dood te oorwin deur op te staan uit die dood uit en Hy vergewe ons sondes en spreek ons vry.**

**Nou besef ons, as volgers van Christus, moet ons lewe anders lyk. Ons moet nou leef soos volgers van Jesus...**

# Romeine 12:1-8

## Die nuwe lewe in Christus

1En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot
ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige
offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die
godsdiens wat julle moet beoefen. 2Julle moenie aan hierdie
sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur
julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil
van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

3Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van
julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie.
Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in
ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen
toebedeel het.

**4Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. 5Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. 6Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het.** As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. 7As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. 8As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

**Bespreek Romeine 12:1-8 met mekaar…**

**Wat staan vir jou uit in hierdie teks gedeelte?**

**Vandag dink ons saam oor die ‘Diensbaarheid’.**


Diensbaarheid

**Let op dat dienswerk (praktiese hulp) tussen profesie en onderrig geplaas word. Vir God is die persoon wat die banke regskuif of die weduwee se tuin natspuit, net so noodsaaklik soos die persoon agter die kansel.**

# 1 Korintiërs 12:12-20

12Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede
saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van
Christus. 13Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die
een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van
die een Gees deurdrenk.

14Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. 15As die voet
sou sê: “Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou
hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. 16En as die
oor sou sê: “Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou
hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. 17As
die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor
was, hoe sou hy kon ruik? 18Maar nou het God die lede, elkeen van hulle
afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. 19As almal saam net
een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? 20Nou is daar wel baie lede
maar net een liggaam.

# Wat beteken dit vir jou om deel van Jesus se liggaam te wees?



**Wanneer jy jou gawe van dienswerk gebruik, word jy die hande en voete van Jesus. Jy maak God se liefde tasbaar.**

**Wat beteken dit vir jou môreoggend?**

**Dit beteken jy hoef nie te voel jy het nie 'n rol om te speel nie. As God jou die hart gegee het om prakties te dien, moenie dit minag nie. Die koninkryk van God word dikwels meer gebou deur kospakkies en praktiese bystand as deur groot toesprake of preke.**

Hou op vra: *"Wat is in dit vir my?"* en begin vra: *"Hoe kan ek help?"*
As jy die gawe van dienswerk het, doen dit met oorgawe.






# Handelinge 9:36-42

## Die opwekking van Tabita

36In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy
was altyd besig om goed te doen en die armes te help. 37Juis in die tyd toe Petrus
in Lidda was, het sy siek geword en gesterwe. Hulle het haar gewas en in 'n
bokamer neergelê. 38Aangesien Lidda naby Joppe is en die gelowiges gehoor het
dat Petrus daar is, het hulle twee mans na hom toe gestuur met die versoek:
"Kom tog gou na ons toe oor."

39Petrus het dadelik saam met hulle gegaan en toe hy daar kom, het hulle hom
na die bokamer toe geneem. Al die weduwees het by hom kom staan en snikkend
vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het. 40Nadat
Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam
gedraai en gesê: "Tabita, staan op!"

Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit. 41Hy het
haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en
haar lewend voor hulle gebring. 42Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie
mense het tot geloof in die Here gekom.

# Dink vir ‘n oomblik aan Tabita…
# Hoe het sy gedien?
# Hoe was sy deel van Jesus se liggaam?



# Kolossense 3:23-24

***"23Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, 24omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan".***

Jou dienswerk is jou aanbidding. Wanneer jy ’n ander gelowige ondersteun, eer jy die Skepper wat jou daardie vermoë gegee het.



# 1 Petrus 4:10

As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. 11As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.

Stel jou voor wat gebeur as ons as gemeente hierdie waarheid aangryp. Stel jou ’n kerk voor waar die persoon wat op grond vlak dien, weet hulle is besig met heilige werk.




Whenever you serve others in any way, you are actually serving God.
Rick Warren
quotefancy


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS